# Vaalpark Kothuismark



Aangebied deur:
Henry & Marlene Franck
@
The Homestead Guesthouse
Oliviershoekweg, Vaalpark (langs Caltex)

083 231 7273
info@kothuismark.co.za
www.kothuismark.co.za

Jy mag dalk dink ons is al baie jare in die land
en dalk al 'n bietjie lank-in-die-tand, maar besoek ons op 30 & 31 Mei
en besef dat ons nog al die pad met nuwe fondse wit kan brand.
Het jy al van 'n oerie-woerie, "rock candles" en permanente juwele gehoor?
Wel, kom kyk, dan stel ons jou daaraan voor. Sien ook hoe ons begaafde
uitstallers met laserkuns, gras, draad, leer, kraletjies en deeg kan toor.
Die proppies-stalletjie, kaas, jenewer en dakplaatrame is weer daar
en as jy alles in die kosstalletjies sien, gaan jy dink ons hou bazaar.
Pannekoek, donuts, melkkos, sagopoeding, skilpadjies, pap en kaiings,
potjiekos, lewerkoekies, warmbrakke, vetkoeke, kerrie-en-rys,
kleinkoekies en beskuit is mos deel van ons geliefde tradisionele spys.

Hier en daar sal jy dalk 'n antieke stuk ook sien.
Moenie huiwer nie: koop dit maar want dit het nog 'n doel om te dien.
Maak 'n draai by die stalletjie met die herwinde klere
en spog dan lekker met mense wat jy nie ken nie se vere.
Hier's klere, skoene en sakke in groottes, ontwerpe en materiale van A-Z
en dan ook 'n bedjie of 'n bandjie vir jou liefling vierpotige "pet".
Kom ondersteun die vlytige hande wat met hout, lap, wol, klei en hekelgare
die mooiste gebruikgoed maak vir die skare.
Kyk ook by die stalletjie met pragtige bykomstighede vir die hare.

Heerlike koek, koffie, plantjies en vars blomme rond die prentjie af.
Moenie net loop nie – wikkel, kom kuier vir ons en sit 'n huppel in jou draf!

Tye: Vrydag, 30 Mei: 09:30–17:30; Saterdag, 31 Mei: 08:30–15:30